

7 Junie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1–14
Fokusgedeelte: Kolossense 1:3,10

Die hoofsaak van jou geloof

Misleiding was nie net vir die Kolossense 'n werklikheid nie, dit is elke dag ook vir ons 'n bedreiging. Hoe bied jy daarteen weerstand? Daar is net een manier: jy moet verby al die klein besonderhede wat misleiers opdis kyk en die hoofsaak raaksien. Paulus lê in sy gebed klem op die hoofsaak van die geloof as hy bid dat die Kolossense tot die volle kennis van die wil van God sal kom (vers 9). Om tot hierdie "volle kennis" te kom is daar twee belangrike sake wat – soos die twee kante van 'n muntstuk – onafskeidbaar van mekaar is, naamlik "dankbaarheid" en "groei".

Dankbaarheid is om waardering te toon vir jou eie en alle ander gelowiges se verlossing. Ons is so geneig om klem te lê op die verskille tussen gelowiges dat ons die hoofsaak van ons verlossing vergeet. Paulus dank die Here (vers 3) vir die Kolossense se geloof, liefde en hoop (vers 5,6). In Christus het hulle 'n nuwe lewe ontvang wat hulle onlosmaaklik aan God en aan mekaar verbind. Hierdie nuwe lewe kry reeds in hulle gestalte omdat hulle vanuit die hoop op die vervulling van al God se beloftes leef (vers 5). Dit is hierdie hoop wat die Kolossense en ons daartoe in staat stel om ander gelowiges lief te hê al verskil hulle van ons en doen hulle ons onreg aan.

Ons moet in die uitleef van ons Christenskap groei (vers 10-14) deur God se eer te soek, goed te doen, God beter te leer ken, geduldig te wees en te volhard. Dan stel God ons ook in staat om tot die volle kennis te kom van wat Sy wil is. Wees vandag bewus van jou verlossing en wees bewus van al die ander medegelowiges wat God op jou pad gaan plaas en leef jou Christenskap uit. Dan gaan jy nie maklik in 'n strik van dwaalleer trap nie.

Sing: Psalm 92:6

Ds ME Schalekamp (Potchefstroom Mooirivier)